


Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM		DATUM			+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE			
	2016/08/29		2016/08/26			2016/08/22		2016/08/01		2015/08/31			
	Data		Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data		
DJIA-index	18395	-52.60 ↓	-0.3%	18448	↓	-0.7%	18529	↓	0.0%	18405	↑	11.3%	16528
Goud (Spot)	1317.48	-7.10 ↓	-0.5%	1324.58	↓	-1.6%	1338.50	↓	-2.4%	1349.81	↑	15.3%	1142.24
Brent \$/vat	49.34	-0.18 ↓	-0.4%	49.52	↑	1.4%	48.66	↑	16.5%	42.34	↓	-6.3%	52.65
1 € / US\$	1.1202	-0.009 ↓	-0.8%	1.1291	↓	-1.2%	1.1338	↑	0.2%	1.1177	↓	-0.7%	1.1278
1 US\$ / ZAR	14.31	0.190 ↑	1.3%	14.12	↓	6.0%	13.50	↑	2.9%	13.91	↑	8.1%	13.24
Corn	R 1,780.20	-15 ↓	-0.9%	R 1,795.48	*CBOT Corn Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Corn Sept 12:00 the previous day								
Wheat	R 2,013.82	-67 ↓	-3.2%	R 2,080.47	*CBOT Wheat Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Sept 12:00 the previous day								
Soybeans	R 5,205.44	28 ↑	0.5%	R 5,177.84	*CBOT Soy Sept cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Sept 12:00 the previous day								
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)													
Corn Sept 16	316.00	-7.00 ↓	-2.2%	323.00	↓	-5%	333.25	↓	-3%	325.75	↓	-19%	391.75
Wheat Sept 16	383.00	-18.00 ↓	-4.5%	401.00	↓	-8%	415.25	↓	-6%	406.00	↓	-24%	506.50
Soybeans Sept 16	990.00	-8.00 ↓	-0.8%	998.00	↓	-4%	1035.25	↑	1%	981.25	↑	11%	888.00
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)													
SORGHUM Jul 16	3435.00	0.00 ↑	0.0%	3435.00	↑	0.1%	3430	↓	-0.4%	3450			NA
WMAZ Spot	4244.00	13.00 ↑	0.3%	4231.00	↓	-0.5%	4264	↑	4.0%	4080	↑	35.6%	3130
WMAZ Dec 16	4252.00	-13.00 ↓	-0.3%	4265.00	↓	-1.4%	4312	↑	3.1%	4125	↑	34.5%	3162
YMAZ Spot	3165.00	2.00 ↑	0.1%	3163.00	↓	-0.7%	3187	↑	0.8%	3141	↓	12.7%	2808
YMAZ Dec 16	3212.00	11.00 ↑	0.3%	3201.00	↓	-0.9%	3240	↓	-0.9%	3241	↓	13.3%	2836
SOY Spot	6470.00	-80.00 ↓	-1.2%	6550.00	↓	-0.4%	6499	↓	-1.6%	6576	↓	23.4%	5245
SOY Dec 16	6499.00	-86.00 ↓	-1.3%	6585.00	↓	-0.3%	6520	↓	-1.7%	6610	↓	21.9%	5331
SUN Spot	6230.00	150.00 ↑	2.5%	6080.00	↑	5.7%	5893	↑	11.5%	5585	↓	13.3%	5500
SUN Dec 16	6369.00	150.00 ↑	2.4%	6219.00	↑	5.1%	6060	↑	7.8%	5910	↑	9.2%	5835
WHEAT Spot	4305.00	-10.00 ↓	-0.2%	4315.00	↑	0.3%	4293	↑	2.8%	4188	↓	1.9%	4226
WHEAT Dec 16	4175.00	-40.00 ↓	-0.9%	4215.00	↓	-2.0%	4262	↓	-1.0%	4216	↑	0.5%	4155
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE													
<p>Mark: Die rand verhandel rondom R14.31 teenoor die dollar vanoggend. Verlede week was die week wat die rand die swakste vertoon het vanaf Mei 2016. Die swak vertoning van die rand kom na die aankondiging dat die minister van finansies Pravin Gordhan moontlike inhegtenisneming in die gesig staar deur die Valke. Die debat rondom 'n moontlike afgradering van die Suid Afrikaanse krediet gradering na rommelstatus is weereens aan die orde van die dag met die ontstaan van die onsekerhede in SA wat streek van die politiek tot en met die ekonomie. In 'n verslag deur Reuters waarsku 'n groep analiste dat SA moontlike afgraderings in die gesig staar later vanjaar. Die aankondiging deur die voorsitter van die VSA se Federale Bank dat die Amerikaanse ekonomiese data redelik na wense is, kan lei tot 'n definitiewe verhoging van die VSA rentekoerse hierdie jaar. Wanneer presies dit gaan gebeur is nie genoem nie, maar wat wel duidelik was, is dat die verhoging geleidelik sal plaasvind. Die goudprys het tot amper 'n maand laagtepunt gedaal met beleggers wat gewag het vir die aankondiging van die VSA se Federale Bank. Die olieprys is ook effe hoër, maar daar is steeds onsekerhede of die OPEC lande se kritieke produsente produksies moontlik gaan staak.</p> <p>Mielies internasionaal: Die CBOT mielie termyn kontrakte het gedaal tot 'n twee weeklikse laagtepunt Vrydag. Die Desember kontrak verhandel weer naby aan die oorverkoop gebied op die tegniese grafieke. Die mark het skerp gedaal na die aankondiging van stadiger uitvoerverkope wat plaasvind vir beide mielies en sojabone. Die USDA het groot hoeveelhede uitvoerverkope aangekondig vanaf begin Augustus tot en met die helfte van die maand. Die uitvoerverkope het egter gedaal na die einde van die maand toe. Die druk op die pryse kom grootliks van die verwagtinge van die rekord VSA produksies en dus sal groot volumes uitvoere benodig word om die druk op die pryse te verlig. In sommige gebiede van die midweste kan mielies in die volgende twee weke gestroop begin word. Die 30 en 90 dag weervoorspelling lyk gunstig vir die stroopproses, met bo normale temperature en normale vog. Plaaslik: Die plaaslike mieliepryse het nie veel beweeg in Vrydag se verhandeling nie. Daar is heelwat gemengde reaksies in die mark met die internasionale prys wat daal, maar die wisselkoers wat verswak en die plaaslike pryse ondersteun. Die nuutste oesskattingverslag het die vooruitsigte vir die geelmielie produksies effe verhoog vanaf die vorige skatting, terwyl die witmielie vooruitsigte onveranderd gelaat is. Die rand sal 'n kritieke punt in die mark bly veral in die korter tot medium termyn (nou tot Desember).</p> <p>Sojabone internasionaal: Sien weeklikse oliesade verslag</p> <p>Koring internasionaal: Die koringmarkte staar sterk beermark faktore in die gesig met die afwaartse bewegende mielie en sojaboon markte en die produsente in die swart see streek wat hoër opbrengste en groter oeste rapporteer. Kontrak laagtepunte is bereik in die 3 koringmarkte. In 'n internasionale perspektief word Rusland se koringproduksies op 73 miljoen ton geskat. Dit is aansienlik hoër as die 61.8 miljoen ton in 2015. In die Oekraïene word die produksie op 26 miljoen ton geskat. Hoër as die vorige skatting van 25 miljoen ton. In Kanada word die koringproduksie verwag om die 2de grootste in 25 jaar te wees en 10.5% hoër as verlede seisoen. Die vooruitsigte van reën in die sentrale pleine behoort steeds gunstig te wees vir die aanplantings van winterkoring, wat dié herfs begin. Die vooruitsigte is steeds dat daar 'n oormaat koringvoorrade in die wêreld behoort te wees. Plaaslik: In die nuutste oesskattingverslag word die koringproduksie vir die seisoen op 1.683 miljoen ton geskat, wat 16.885 meer as die 1.440 miljoen ton verlede jaar is.</p>													
<p>Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za</p>													
<i>Opgestel deur: Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: luan@grainsa.co.za</i>													